LOOF DIE HERE, EN… LUISTER NA HOM!

Potch-Oos, Julie 2020

Ds Pieter van der Walt

Skriflesing: Psalm 95

Teksverse: Psalm 95:6,7 (in die verband met die hele psalm)

Wat het u gehoor toe ons hierdie Psalm (Psalm 95) gelees het?

> Luister weer:
>
> Kom, laat ons jubel tot eer van die Here,
> laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind…,
> laat ons Hom toejuig met lofsange…

Jubeltone!

Laat ons jubel!
Laat ons juig!
Laat ons bly en lofsange sing tot eer van die Here!

My vraag aan u is:

> Doen ons dit nog as kinders van God, as kerk van die Here? Doen ons dit genoeg?
>
> Jubel en juig ons nog oor die Here, dat Hy ons Here en ons God is?
>
> Die blydskap, die vreugde om die “magtige God” (vers 3), die “groot koning oor al die gode” (vers 3)…. **om hierdie God, te ken en te aanbid!**

Hy is die God “by wie ons redding vind” (vers 1(b)).

Ek bedoel, die spontane blydskap in die Here wat uit ons lewens moet straal!

Kom ons kyk net vir ‘n oomblik na ‘n paar van die pragtige berymde Psalms (wat ons sing):

Ps 135:1 Prys die Naam van onse Heer! Hef te saam die lofsang aan…!

Ps 103:1 “Loof o my siel en alles wat in my is. Loof loof die Heer in wie ek van harte bly is! Verhef sy heilge Naam met lof en prys…”

Ps 116:10 “Ek sal u Naam met dankerkent’nis prys temidde van die feestelike skare…”

Ps 96:1 “Sing vir die Heer ‘n nuwe lied! Die aard’se verste perke moet jubel oor sy werke…”

Ps 138:1 “‘k Sal met my ganse hart o Heer, U loof en eer, u hoogheid huldig…”

Ps 150:1 “Loof God, loof sy Naam alom! Loof Hom in sy heiligdom…”

Ek vra:

Doen ons dit nog?

Het iets hiervan nie verlore gegaan in ons diens aan God nie, selfs in ons eredienste nie?

Het hierdie pragtige psalms wat ons sing nie net woorde geword nie? Beleef ons hierdie vreugde regtig?

As gelowiges besit ons so ‘n groot rykdom, die grootste rykdom wat daar is!

Ons is God se uitverkore kinders en deur Sy bloed wat vergiet is aan die kruis is ons onlosmaaklik sy kinders, is ons met ‘n ware geloof in Hom ingeplant sodat niks en niemand ons ooit van sy liefde sal skei nie.

Daarom is die kerk so belangrik vir ons en moet elke erediens ‘n feestelike geleentheid wees **waar ons God loof en prys vir Sy wonderdade in ons lewens,** dat ons verlostes is wat soos ‘n brandhout uit die vuur van sonde geruk is.

Die digter van Psalm 95 gebruik vier verskillende werkwoorde in verse 1 en 2 om die volk op te roep om die lof van die Here te besing:

- …laat ons jubel…
- …laat ons juig…
- …laat ons na Hom toe gaan met lof…
- …laat ons Hom toejuig…

Ons kan ‘n lys maak van baie redes waarom die Here se lof besing moet word.

In verse 4-7 word maar enkeles genoem:

- …in Sy hand is die **diepste plekke** van die aarde…
- …en die **toppe van die berge** is syne…
- …**die see** behoort aan Hom wat Hyself gemaak het…
- …en die **droë land** (die aarde) het Hy met sy hande gevorm…

Hoor u:

die diepste plekke van die aarde
die hoogste toppe van die berge
die wye oseane wat die wêreld omsoom, en
die hele aarde, alles behoort aan Hom!

Hy het alles geskape! Alles behoort aan Hom!

Hy hou dit alles in Sy hande!

Hy is in beheer van dit alles, van sy magtige skeppingsplan, met alles daarop en alles wat daarin gebeur!

Laat ons daarom, ons wat maar net ‘n **klein stippeltjie** in hierdie magtige skeppingsplan van God is, Hom loof en prys, lofliedere sing tot eer van Sy Naam, want (en hier kom ons teks in) **hierdie magtige God, is ons God.**

Hy sien my raak, ek wat in sy skeppingsorde so klein is soos ‘n speldeprikkie.

Juis dit word so mooi vertolk in ons teksgedeelte:

“Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer,

kom ons buig,

kom ons kniel voor die Here ons Skepper!

Hy is **ons God en ons is Sy volk,**

sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg”.

Dit is die **klimaks,** die **hoogtepunt,** die **kern** van hierdie psalm:

“Hy is ons God en ons is sy volk,
sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg”.

Wat hoor ons in hierdie woorde?

Ek het julle lief!
Ons is kinders in die huisgesin van God en Hy versorg ons met Sy hand!
Ons is Sy kudde, Sy skape en Hy is ons Herder!

Hoor u ook Psalm 23?

“Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie.
Hy laat my rus in groen weivelde…”

Onbeskryflik is die troos:

Die almagtige God, skepper van alles, (van die dieptes van die aarde, die kruine van die berge, die magtige oseane en die droë grond) fokus op my, sien my raak, het my lief, versorg my!

Hierdie woorde in ons teks is seker van die **mooiste (let wel) verbondstaal** wat ons in die Bybel kry:

> **"Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg".**

God se verbond is 'n baie sentrale tema in die Bybel.

Ons hoor dikwels van God se verbond, maar wat is dit presies?

- Die verbonde waarvan ons in die Bybel lees is **'n aksie wat van God uitgaan.**

- God sluit 'n verbond met Noag, met Abraham, met die volk Israel by die berg Sinaï en daar is nog baie ander voorbeelde.

- Die verbond wat God sluit, bestaan in 'n **innige gemeenskap** tussen God en die betrokke partye met wie Hy 'n verbond sluit, soos Abraham, die volk Israel.

- In Gen 17:7 sluit God **met Abraham** 'n verbond: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, **om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou** (1953 vertaling).

- Net so sluit God **met Israel** 'n verbond by Sinaï:

  "As julle My gehoorsaam en julle aan My verbond hou, sal julle uit al die volke My eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie".

- Dikwels het die verbondsluiting gepaard gegaan met 'n teken, soos die reënboog toe God 'n verbond met Noag gesluit het, ook by die besnydenis en later die Doop.

- Die Heilige Doop die teken van God se verbond wat Hy met ‘n klein babatjie wat gedoop word sluit en met elkeen van ons gesluit het toe ons gedoop is.

Luister net hoe lui die Doopsformulier:

> “…die doop is immers ‘n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons **‘n ewige verbond met God het…”**
>
> “U het gehoor dat die doop ‘n instelling van God is om aan ons en ons kinders **sy verbond te verseël…”**

God se verbond is dus iets besonders, ‘n besondere handeling.

Daarmee sê God:

- Jy is myne! Jy behoort aan My!
- Ek sal vir jou ‘n Vader wees en jy sal my kind wees.
- Hoor u die intieme band: Dit is wat God se verbond is, en dit is wat ons in ons teksverse hoor:
- “Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg”.

Nou verstaan ons die pragtige jubeltone aan die begin van hiedie psalm:

- “Kom laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig oor die rots by wie ons …redding vind…
- …laat ons Hom toejuig met lofsange, want die Here is die magtige God…”,
- want ons is sy volk, sy kudde, sy skape, ons is sy verbondskinders vir wie Hy liefhet en vir wie Hy elke dag sorg!

Hy koester ons in Sy liefde. Hy slaan sy arms om ons, en sê: Julle is myne, my eiendom, my verbondskinders!

Maar nou…

- Ons ontvang so baie. God se genade is so groot as Hy sy verbond met ons sluit. Eintlik kan ons dit nie in woorde beskrywe nie.

- Maar, God vra in hierdie proses ook iets van ons met wie Hy hierdie verbond sluit. Ons kan tog nie net wil ontvang nie.

- "Alle verbonde het twee dele", staan dit in die Doopsformulier (God wat gee maar God wat ook vra).

Wat vra Hy van ons?

- Gehoorsaamheid!

- Luister na die stem van die Here!

"As julle vandag maar na Hom wou luister…".

- So staan dit in ons teks, verwysende na God se verbondsvolk Israel wat hardkoppig was toe die Here hulle uit Egipte verlos het en deur die woestyn gelei het

- Hulle was **hardkoppig** by Massa en by Meriba het hulle die Here **uitgetart** (vers 8). Hulle was 'n **moedswillige volk** (vers 10) wat die **geduld van die Here**, wie se verbondsvolk hulle was, beproef het.

- Hulle het **gemurmureer** en het **terug verlang** na die vleispotte van Egipte.

- Hulle het **God se verbond** wat Hy in liefde en genade met hulle opgerig het, **vertrap!**

- Tragies, nie waar nie! Hulle het nie geluister nie. Hulle was ongehoorsaam!

"As julle maar vandag na Hom wou luister…"

Geliefdes…

Ons kan sê Psalm 95 bestaan uit twee dele:

1. Die jubellied, die lofsange, oor die almagtige God in wie se hande die diepste plekke van die aarde is, die toppe van die bergpieke is, wat die magtige oseane gemaak het en die droë grond met sy hande geformeer het.

   En dan belangrik: dat hierdie God met my, nietige mens 'n verbond gesluit het. Ek is deel van sy kudde, van sy skape, van sy volk wat Hy met sy hand versorg.

   Hy ken my! Hy vou my toe met sy liefde en genade! Ek behoort aan Hom met liggaam en siel, in lewe en in sterwe!

   Hy is my Vader en ek is sy kind. Dit is alleen moontlik deur Jesus Christus wat aan die kruishout vir al my sonde gesterf het en my volkome verlos het uit die mag van die Satan. So het Hy my onlosmaaklik aan Hom verbind!

   Dit herdenk ons elke keer wanneer ons Nagmaal vier en is die Nagmaal niks anders as 'n verbondsmaaltyd waar Hy ons, as sy kinders, se siele voed met die brood van die lewe.

   Kom ek vra:

   Jubel ons tot eer van die Here?

Sing ons lofsange om die grootheid van God en sy liefde en genade in ons lewens te besing?

Is lewensblyheid nog deel van ons (as gelowiges) se lewens, omdat God ons Verbondsgod is, omdat Hy ons uitverkies het as sy verbondskinders, ons wat dood was in ons sondes.

Is ons bly omdat Hy elke dag vir ons sorg en ons toevou in sy liefde, omdat ons en ons kinders deel is van Sy kerk!

Ons is so bevoorreg!

Ons moenie toelaat dat beklemmende tye, soos waarin ons ons tans bevind, ons beroof van hierdie blydskap in die Here nie.

Ons moenie toelaat dat werksdruk en ‘n gejaagde lewe, spanning en frustrasies, ons ontneem van die blydskap en die jubeltone in ons lewens omdat ons aan God behoort nie.

Paulus skrywe sy brief aan die Filippense uit die tronk en bemoedig die gelowiges in Filippi (Griekeland) om bly te wees in die Here. Hy sê vir hulle: “Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!

Jubel in die Here, sing lofsange! Val in eerbetoon voor Hom neer! Buig en kniel voor die Here!

Want Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg!

2. Maar, daar is ‘n verbondseis: **<u>gehoorsaamheid!</u>**

Wat eis van God van my (ons) in hierdie intieme verbondsverhouding?

Ons teks noem ‘n baie belangrike aspek waaraan ons moet voldoen:

- Luister na die stem van die Here.
- Doen wat Hy in sy verbond van jou vra.

God duld nie ongehoorsaamheid en eiewilligheid, soos wat Israel in die woestyn gedoen het nie.

Hierdie eis van God praat met ons almal:

> Luister na die stem van die Here! Nie jou stem nie, ook nie die stem van die wêreld nie. **Die stem van die Here!**
>
> Nie my wil nie, maar **die wil van die Here!**

Hierdie eis is nie ‘n harde, onhaalbare eis nie.

Dit vra nie van my die onmoontlike as sy verbondskind nie.

Gehoorsaamheid is my antwoord, my dankbare antwoord op al die weldade van die Here.

Ons kan nie anders as om gehoorsame en dankbare kinders van die Here te wees na alles wat ons ontvang nie.

Moenie soos Israel maak wat op hulle trek deur die woestyn God se verbondsliefde vertrap het nie.

Dien die Here met dankbaarheid, met oorgawe.

Geliefdes:

- Hoe antwoord jy op God se verbondsliefde in jou lewe?

- Hoe antwoord jy op God se liefde wat Hy in Jesus Christus aan ons bewys het?

- Hoe antwoord jy op Jesus Christus wat vir jou sondes aan die kruishout betaal het?

- … op die Heilige Gees waardeur Hy ons elke dag bemoedig, versterk, vertroos en vernuut?

- Hoe antwoord jy in hierdie tyd van inperking vanweë die Coronavirus wat die wêreld eensklaps in sy greep vasgevang het?

- Sien jy God se wil hierin raak en hoor jy sy stem?

Kyk na die breë prentjie van God se almag:

Hy beheers die diepste plekke van die aarde, die hoogste pieke van die wêreld, die magtige oseane…, ja ook die klein virus wat die wêreld tot ‘n byna skaakmat situasie laat beland het.

Nee God is almagtig! Niks is buite sy beheer nie. God praat met die wêreld: Luister na Sy stem, en …, sing lofliedere tot Sy eer. Sing dit in die woorde van Psalm 150:1:

> Loof God, loof sy Naam alom!
>
> Loof Hom in sy heiligdom!
>
> Loof die Heer se grote mag
>
> In die hemel van sy krag! (Ps 150:1(a))

Amen.